16.16 RAPPORT 11: DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – LESSENAAR KOMITEE BUITELANDSE BEDIENING

Deputate verantwoordelik vir die lessenaar: Prof HG Stoker (s), dr DG Breed (reg op koöptering).

Vir kennisname

1. Opdrag

1.1 Dat die NG en NH Kerke bedank word vir die hartlike samewerking wat bestaan in die bystaan en inskakeling van oud Suid-Afrikaners by kerke in die buiteland. Dank word ook uitgespreek oor die finansies wat vir besoeke en ander sake bewillig word.

1.2 Dat die GKSA sover moontlik betrokke sal wees by die moontlike opleiding en uitstuur van jongmense na Australië om die kerke daar ‘n tyd lank behulpsaam te wees in die opspoor, opvolg en bearbeiding van oud lidmate en ander Suid-Afrikaners.

2. Uitvoering van opdrag

2.1 Daar is gereeld saam met kommissies van die NG en NH Kerke vergader en beplanning gedoen oor die bystaan en inskakeling van oud Suid-Afrikaners by kerke in die buiteland.

2.2 Na gesprekke met buitelandse kerke is besluit om eers af te sien van ‘n georganiseerde poging om jongmense na Australië te stuur, en dit oor te laat aan gemeentes om dit self onderling te reël.

Vir besluitneming

3. Aanbevelings

3.1 Dat die NG en NH Kerke bedank word vir die hartlike samewerking wat bestaan in die bystaan en inskakeling van oud Suid-Afrikaners by kerke in die buiteland.

3.2 Dat aan die Deputate Ekumenisiteit opdrag gegee word om voort te gaan met die samewerking met die NG en NH (en ander) Kerke.

Rapporteur: